DEEL 115 | WEEK 14 | 6 APRIL 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN TH ... ONLY A RUMOUR

# HIER IS DIE PAASHAAS



Op die foto: Lienke Claassen

Paastyd is 'n tyd van vreugde en viering. Dit is 'n tyd wanneer mense saamkom om die opstanding van Jesus Christus te herdenk en te vier. By Bronnies Dagsorg was daar 'n besonderse viering van Paasfees. Kinders van Heilbron het saam met die personeel hierdie spesiale geleentheid gevier. Elke kleinding was baie opgewonde en het heeltyd saggies in die volwassenes se ore gefluister om te vra wanneer die paashaas sou kom. Die volwassenes het glimlaggend geantwoord en hulle verseker dat die paashaas op pad is en net besig was om sy paaseiers weg te steek.

Toe die paashaas uiteindelik aangekom het, was die kinders terselfdertyd in die wolke en verwonderd. Die haas het die kinders genooi om die paaseiers te vind wat hy oral rondom die dagsorgsentrum versteek het. Al die kinders het met groot opgewondenheid die speletjie om al die paaseiers te vind, gespeel. Maar dit was nie net die paashaas en die paaseiers wat hierdie geleentheid so spesiaal gemaak het nie. Dit was ook die boodskap wat gedeel is oor die betekenis van Paasfees en die opstanding van Jesus Christus. Die kinders het aandagtig geluister terwyl ds Braam die boodskap van hoop en vreugde gedeel het. Hulle kon ook vragies vra.

Kinders en volwassenes is met gelukkige harte huis toe, vol vreugde en dankbaarheid vir die geleentheid om saam te kom vier.

Die personeel van Bronnies het saam met die Paashaas die dag afgesluit deur 'n besoek af te lê by die bejaardes van Bron van Heil. Elke ouma en oupa was met 'n heerlike paaseier bederf. Bronnies dagsorgsentrum het 'n wonderlike geleentheid geskep om Paasfees op 'n betekenisvolle manier te vier, terwyl hulle ook 'n ruimte geskep het vir gemeenskap en saamwees.

Hierdie geleentheid het die glinsterende ogies van die kinders nog helderder gemaak. Dit het hulle geleer dat Paasfees nie net oor die paashaas en paaseiers gaan nie, maar dat daar 'n groter betekenis agter hierdie fees is. 'n Betekenis van hoop, vergifnis en vreugde wat vir almal beskikbaar is.

In hierdie klein dorpie is 'n besonderse geleentheid geskep om die betekenis van Paasfees en die bewusmaking van die werklike rede waarom ons dit vier.

International Food Producers Co-op
(Internasionale Kos Produsente Kooperasie)
gestig deur Agenbag's All Trade CC/BK het operasioneel begin Woensdag 01/03/2023.
Registreer u belangstelling om lid te word van die Kooperasie by wyse van WhatsApp of Epos.
Sien hieronder.
Kooperasie by wyse van WhatsApp of Epos.
Sien hieronder.
Agenbag's All Trade .com
agenbagsalltrade@gmc
++27 (0)60 397 6380

*Professionele dienste aangebied:*

- **Sakepraktisyns (IBASA)**
- **Sakereddingpraktisyns (CIPC)**
- **Handels-finansiering Spesialiste (Euro Exim Bank)**
- **Projek Finansiering en Befondsing Spesialiste (Euro Exim Bank)**
- **Ekonome (UFS, FSFM), Landbou-Ekonome (UFS, FSFM) en Ontleders (UFS, FSFM).**

**Skeduleer u gratis eerste konsultasie by wyse van WhatsApp of Epos. U besigheid-en-boerdery-onderneming verdien hierdie professionele dienste om te vorder tot die heel beste onderneming.**

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
*Donderdae – Royal Auction Centre*
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



BKB
www.bkb.co.za

HIGH FERT KUNSMIS HF
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
WILGE CHEM
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Briewe van ons lesers

***Die volgende skrywe is ontvang van A Grobler van Ringerstraat 47 Heilbron gerig aan die Redakteur.***

Die enigste waarvan ons verseker is, is dat niks dieselfde gaan bly nie.

Toe ek in 1974 in Heilbron gevestig het, het die Moedergemeente my versoek om vier kort banke wat voor langs die kansel gestaan het aanmekaar te las om twee lang banke in die konsistorie te word. Die vier sye wat spaar was moes ek van binnewerke voorsien sodat dit nog twee lang banke sou word. By nadere ondersoek sal u merk dat die sitgedeelte van die banke nie dieselfde kleur as die onder banke is.

Dit was vir my 'n voorreg om saam met Martiens du Preez, Paul Els en Zagrys Ramage die ou deur van die Gevangenisdiens gerestoureerde preekstoel by die Môrewag gemeente in Kroonstad te gaan haal.

Môrewag is die woongebied teenaan die Gevangenis en was die woongebied vir gevangenis amptenare en die skole, onderwysers wat net 'n entjie straataf gearbei het.

Met Demokrasie se koms het die samestelling van die amptenare verander en het daar geen kerkopkoms in die gebied plaasgevind.

Die kerk is verkoop aan 'n Pinkster Kerk wat 'n onder kerk in Lsotho bedryf. Hulle gebruik nie preekstoele soos wat ons gewoonte is, daarom was hulle te dankbaar dat iemand in die preekstoel belanggestel het.

Terug in Heilbron met die preekstoel was ons verbasing groot om te ontdek dat die preekstoel wat om ’n houtpilaar van 450 x 450 gebou is en wat in Kroonstad in beton ingeplant was se eerste stuk onder pilaar nog steeds onder die verhoog sigbaar is.

Die gemeente het 'n foto voorsien van hoe die preekstoel gelyk het in die ou dae en ons wou so naby as moontlik by die oorspronklike terugkom.

In Kroonstad was daar 'n geboude platform sonder relings langs die kante. So ons het net die sentrale struktuur bekom.

Die preekstoel was te groot om by enige deur in te kom, daarom moes ons dit gedeeltelik uitmekaar haal.

Danie Bornman van Bonus Hardeware het die hout geskenk om die trappe mee te bou op die agterkant.

In die Eeufees uitgawe van Heilbron was die woning van oom Dries Cadilac as 'n voorbeeld van welvarendheid. Toe sy skoondogter een oggend op die plaas aankom was die huis en plaasstore se dakke verwyder. Ek het die oregon vloere en balke gekoop.

Ina du Plessis het my versoek om die sitkamer se paneelwerk te bewaar sodat sy later vir haar kinders iets kon laat maak.

Met die koms van die preekstoel het ek vir haar genoem dat dit die preekstoel mooi sou afrond. Sy het dit toe goedgunstiglik geskenk.

Gedurende 1963 het die kontrakteur Jan Fokkens van Kroonstad al die banke, vloere en verhoog vervang asook 'n nuwe preekstoel en verhoog. Bogenoemde gemeentelede het gehelp om die preekstoel uitmekaar te haal en te verwyder.

Die preekstoel is toe aan die APK gemeente in Vegkop woonbuurt verkoop en daar het toe van hulle gemeentelede gehelp om die preekstoel daar te installeer en ek was bevoorreg om te help.

Die Susterskerke is soos 'n kurkproppie op waters. Die grootste en mooiste gebou in die middel van elke gemeenskap in Suid Afrika is 'n sierlike kerk.

Dit is die bindingsfaktor van die boeregemeenskap. Dit was nie net 'n kerk in die sin van die woord. Dit was 'n mini-regering vir die streek. Bestudeer die finansies van die tyd en vergelyk dit met die struktuur, en beleef 'n historiese gedenkwaardigheid. Die onderwys, blank en nie-blank was deel van die geloofslewe. Koshuise was ook bedryf deur kerke. Iedere kerk het bygedrae tot Sendingwerk en dan was dit nie net plaaslik maar tot diep in Afrika.

Toe die NG Kerk van Bethlehem die Kerkplaas aankoop in 1864 was die NG Kerk se hoofkantoor in Kaapstad. Die kolonie was Engels. Hulle was verbied om kontak te hê met kerktakke noord van die Oranjerivier. Dit het veroorsaak dat die Slabbert Sekte in Bethlehem vele NG lidmate getrek het. Hulle bestaan nog steeds.

Snaaks genoeg dat Suid-Afrika se blanke beskawing in die Kaap begin het. Dit kan as normaal beskou word. Die ironie van die saak is dat dit ook in die Kaap geeïndig het.

John Vorster se broer Koot was die Moderator van die NG Kerk toe hy verklaar het dat apartheid onbybels is en toe het hy dit verklaar as sonde.

Dit is jammer dat hy nie meer leef want ek sou graag gehoor het wat sê hy van die Ngwathe se finansiële verslag wat verlede week gepubliseer is.

# DA optog 11 April

Die DA het besluit genoeg is genoeg en is vasbeslote om 'n duidelike boodskap aan Ngwathe oor te dra aangaande die huidige waterkwessie in Heilbron. Om hierdie boodskap te kommunikeer, het die party besluit om 'n massa-optog te hou op 11 April. Die optog sal plaasvind nadat 'n "4"-aansoek vir toestemming ingevul is.

Die doel van die optog is om die ongelukkigheid in die hele gemeenskap oor die watertekort te demonstreer. Die DA beroep hulle op almal om hulle te ondersteun en saam met hulle die optog by te woon.

Die DA is altyd 'n party wat opkom vir die belange van die gemeenskap. Hierdie optog is 'n bewys van die party se toewyding in die gemeenskap en om hulle te verteenwoordig.

Almal wat saam met die DA wil optree om 'n impak te maak, is welkom om die optog by te woon. Dit is 'n geleentheid om saam ’n verskil in die gemeenskap te maak en om 'n sterk boodskap uit te stuur oor ons frustrasie oor hierdie probleem wat ons almal raak.

Die DA vertrou daarop dat hierdie optog 'n sukses sal wees en dat dit 'n belangrike bydrae sal maak tot die debat oor die kwessie in Ngwathe. Die party is trots daarop om 'n platform te bied vir die gemeenskap om hulle stemme te laat hoor, en hulle sal nie ophou om die regte van die gemeenskap te verdedig nie.

**'n Geseënde Paasnaweek**

# Uitdiepen: Week 14 van 2023



Hande op: wie hou nie van ’n bruilof nie? Kleintyd het dit my gefassineer. My familie was baie betrokke by die seremonies: my ma het baie keer die blomme rangskik, my pa was die seremoniemeester. My sussie het die kerkorrel gespeel. Baie kere vir familie, maar ook vir vriende.

Wanneer ek daaraan terugdink wonder ek by myself waarom ek gedink het dat dit ’n sprokiesmooi oomblik was? Ek het so twee jaar gelede hier vertel dat ek klaar is met ooievaarstees en die simpel rituele wat daarmee gepaardgaan. Wel, ek dink amper my kapasiteit vir groot, wit troues is ook daarmee heen. En ek praat nie net van die tagtigerjare tot einde van die negentigs nie. Ek praat selfs van troues wat in hierdie dag en eeu gepleeg word.

Ek het ook baie keer die eer gehad om die kerkorrel te speel met troues. Sommiges was so uit die dramaboeke met allerhande bells and whistles, dat jy selfs ’n program moes kry om te keer dat jy die regte noot net mooi op die verkeerde oomblik druk.

Ek verstaan dat dit ’n oomblik is waaroor menige meisie al vir jare droom. Neem maar myself as voorbeeld: ek het ook troutrou gespeel met my ma se kantgordyne en ’n bondel stowwerige plastiekblomme in my hand. Die hond het saam met my ingestap en dan ewe plegtig stilgestaan terwyl ek die dungesnyde koperpypie van sy halsband af haal.

’n Paar jaar gelede moet ek by ’n troue orrel speel. Al wat die bruid haar lewe lank al wou doen, was om met die (effens on-) willige bruidegom te trou. Op die dag het hy, soos gewoonlik, nie sy hare gekam nie. Sy hemp het uitgehang asof hy pousetyd raakrugby gespeel het. Hy het gesweet soos ’n vark wat gekrap gaan word terwyl hy voor die preekstoel wag. Die drie stooijonkers langs hom sweet ewe veel en klap die bruidegom gemoedelik tussen die blaaie.

Ek speel iets op die kerkorrel, en die gemeente staan op, soos wat hulle gewoonte is. Met drie strooimeisies wat stadig en statig instap. Ek hoor ’n kind: “Mamma, waar is die tannie met die wit rok?” Hulle gaan staan plegtig aan die ander kant van die strooijonkers. Almal staan. En almal wag. Vir die bruid.

En hier weergalm haar stem deur die kerk waar sy ’n brief aan haar bruidegom voorlees. Tranetrekker, as jy al ooit een gehoor het. Uiteindelik is dit klaar, en ek trek los met die troumars. Maar sy en haar pa vat hulle tyd. En stap. En stap. En stap. Ek is al besig met die derde herhaling, en sy is nog nie by die preekstoel nie. Ek begin later improviseer tot sy haar staan gekry het.

Haar rok neem die helfte van die liturgiese ruimte in beslag. Dit lyk soos melk wat oorkook. Tot op die rooi kerkmat. Met die beloftes ruk elkeen sy stukkie papier uit. Die bloesende bruid beloof die hemel en die aarde en nog drie ander planete en die sweterige vark sê so min as moontlik.

Hier en daar is daar ’n tannie wat trane pik met ’n sakdoekie wat in 4711 gedruk is. Die jongeres skuif ongemaklik rond. Hulle wil gaan paartie hou.

Die ringe word aangesteek en die predikant kondig aan dat daar ’n item gelewer sal word. Gelukkig nie deel van my taakomskrywing nie. Die backtrack begin speel en die fluitende man speel en speel en speel tot hy rooi in die gesig is. Teen die derde versie wys die predikant dat die man nou genoeg gespeel het, en die musiek word mooi uitgedoof.

Uiteindelik verklaar die predikant hulle “meneer en mevrou” en die twee soen hartstogtelik terwyl die gemeente hande klap. Die seremonie is amper verby. Die gemeente moet hulle hartlik toesing. Die predikant beweeg met die preekstoel af tot by die twee, en wikkel homself tussen die lae roksmateriaal in totdat dit lyk asof hy binne-in die oorgekookte melk staan. Hy spreek die seën op hulle uit.

Uiteindelik teken die twee die register en almal verkas na die onthaalplek, waar die egpaar se foto’s die hele wêreld vol hang. Daar is lewensgrote foto’s van die twee op strategiese plekke in die saal. Alles het dieselfde logo: die twee se voorletters. Dit hang teen die mure, op die tafels, op die programme (wat in Engels is, alhoewel ek niemand hoor Engels praat nie), op die servetringe, in die kerse gegraveer. Op Eat-sum-more koekies ingebrand.

I kid you not.

Met die bruidegom se toespraak gaan sit sy vriende heel voor, party alreeds met hulle dasse oor die kop, fyn gewyn. En hulle sing uit volle bors, maar o, so, vals. Die bruid word rooi wanneer hulle iets gil.

Die eerste dans breek aan, en bruidegom vat versigtig aan sy bruid terwyl hy wag vir haar teken om links-twee-drie-regs-twee-drie te probeer dans. Hy het glad nie enige sin vir ritme nie, ek dink nie eers hy kan aan ’n deur klop nie. Maar ek kan sien dat die dans oorspronklik baie goed gechoreografeer was. Totdat hulle begin het.

Groot, wit, oordadige troues is nie meer vir my nie. Maar dit is nie die les vir vandag nie.

Vandag wil ek vir jou vertel dat daar eendag, nie lank van nou af nie, ’n Groot, wit bruilof gaan wees. Waar die Lam wat op Goeie Vrydag geslag is, en Sy kerk, die bruid, gaan ontmoet.

En dit gaan mooier wees as enige ander groot, wit troue wat jy al bygewoon het. Daar gaan trompette speel, mense gaan gelukkig wees sonder om goeters van stukkies papiere af te lees.

Wanneer jy hierdie naweek Paasnaweek vier, kyk verby die heerlike paaseiers en die paasbolletjies en dink aan die Een wat ons weer gaan kom haal. Dalk vandag, dalk volgende week of oor ’n paar jaar.

Ek is òòr groot, wit troues, maar ek sien uit na eendag se troue.

Vandag se les is: Is jy gereed vir die Groot wit troue? Dis nie so lank van nou af as wat jy dink nie.

Geseënde Paasfees.

# Troukoors



*Johan en Lumé Strydom is getroud op 1 April 2023 te Lezar Opstal Wedding Venue te Heidelberg. Johan is die seun van Thabo en Luana Strydom, geleë in Heilbron distrik. Lumé is die dogter van Martin en Ronel Louw, geleë in Vredefort distrik. Johan is 'n bekende boer in Heilbron, en Lumé 'n skitterende onderwyser by Hoërskool Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.*




# AGS Jeug help by museum

Die AGS Jeug het onlangs 'n Saterdag by die museum in Heilbron spandeer. Hierdie jongklomp het nie net 'n wonderlike geleentheid gehad om meer te leer oor die geskiedenis van ons land nie, maar hulle het ook 'n handjie bygesit om die museum netjies te hou.

Een van die belangrikste take wat die AGS Jeug uitgevoer het, was om die gras rondom die museum te sny en saam te hark. Hierdie taak het 'n groot impak gehad op die algemene voorkoms van die museum en het dit meer verwelkomend gemaak vir besoekers. Dit was nie die enigste ding wat die hulle gedoen het nie. Hulle het ook gehelp met die skoonmaak van die museumgebou en het meubels en kunswerke afgestof en skoongevee.

Die jongmense het ook die geleentheid gehad om met die personeel van die museum te gesels en meer te leer oor die verskillende uitstallings en items wat in die museum vertoon word. Hierdie ervaring het hulle 'n dieper waardering gegee vir die rol wat die museum in die gemeenskap speel.

Die AGS Jeug het op 'n unieke manier bygedra tot die instandhouding van die museum deur hul hande vuil te maak en 'n paar praktiese take uit te voer. Hierdie ervaring het ook 'n positiewe impak op die jeug gehad deur hulle 'n nuwe waardering vir die kulturele erfenis van ons land te gee.

Dit is belangrik dat jongmense betrokke raak by die instandhouding van ons kulturele en historiese erfenis. Dit is deur sulke geleenthede dat hulle 'n dieper begrip en waardering kan ontwikkel vir die rol wat hierdie instellings in ons gemeenskap speel.

Die AGS Jeug se bydrae aan die museum is 'n lofwaardige en inspirerende inisiatief wat hopelik ander jongmense sal aanmoedig om betrokke te raak by soortgelyke projekte. Dit is deur sulke inisiatiewe dat ons gemeenskappe kan groei en ons kulturele en historiese erfenis in stand gehou kan word vir toekomstige geslagte.

## International Food Producers Co-op (Agenbag's All Trade CC/BK)

**• *Riaan Agenbag***

Beplan om risikos te identifiseer, uitdagings te trotseer en geleenthede te benut.

Die uitdagings in die landbou en kleinhandel sektor behoort as geleenthede gesien te word om met dit wat aan jou toevertrou is, te woeker. Om oordeelkundig te waag, is om risikos te identifiseer en aan te spreek en deur gesonde finansiële beplanning en bestuur goeie geleenthede te benut.

Die wêreldbevolking gaan na verwagting in die volgende paar dekades groei tot amper 9 miljard mense en dit bied groot geleenthede vir die landbousektor om aan hierdie groeiende voedselbehoeftes te voldoen. Elke hektaar landbougrond moet vandag vir tussen vier en vyf mense kos voorsien. Teen die middel van hierdie eeu sal elke hektaar landbougrond vir tussen ses en sewe mense se kos verantwoordelik wees.

Boerderye en besighede moet korrek geposisioneer word deur die huidige situasie te ontleed, te herevalueer en aan te pas ten einde meer doeltreffend te kan wees. Die belangrikste risikos moet geïdentifiseer word aan die hand van die boerdery en besigheid se huidige situasie en die bestuurbaarheid van die risikos, sodat oplossings daarvoor gevind kan word. Daarom is die professionele dienste wat Agenbag's All Trade CC/BK aanbied so belangrik om dadelik te benut.

Insetkoste is die grootste risiko wat bestuur moet word deur die skuldvlakke en finansiering wat aangegaan word daarvoor, te verminder. Aan die hand van 'n deurdagte finansiële plan kan die skuld dan terugbetaal word om uiteindelik kontant te boer. Skuldvlakke is dikwels te hoog om die rente en kapitaalterugbetaling daarvan te diens. Met die al hoe kleinerwordende wins (kosteknyptang), behoort hierdie risiko streng bestuur te word. Word 'n lid van International Food Producers Co-op wat gestig is deur Agenbag's All Trade CC/BK en bestuur hierdie risiko professioneel saam met hierdie kundiges.

Die markwaarde van grond in verhouding tot die produksiewaarde daarvan is dikwels ook te hoog en dit lei tot sekuriteitswaardes van grond wat nie in verhouding bly met die lening wat aangegaan is nie. Banke, Kooperasies en ander finansierders kan jou lening oproep wanneer sekuriteitwaardes van jou grond tuimel a.g.v onteiening sonder vergoeding ens.

Brandstof (met die prys van olie en die wisselkoers in ag geneem) is ook 'n belangrike risiko omdat produsente blootgestel is aan prysveranderinge van brandstof waaroor hulle geen beheer het nie. Alternatiewe om die risiko te versag, is die gebruik van biobrandstof en die benutting van byprodukte as alternatiewe bron van energie wat op die plaas geproduseer kan word. Binnekort gaan 'n bio-diesel, etanol en hidro-elektrisiteit-opwekking aanleg gevestig word juis om hierdie risiko aan te spreek.

Die internasionale vraag en aanbod van graan, die wisselkoers en dan ook die wisselwerking van internasionale markte dikteer die prys van graan en ander landbouprodukte. Suid-Afrika se totale produksie in verhouding tot wêreldproduksie is relatief klein. Ons land se vermoë om meer mielies te produseer as die plaaslike verbruik, is reeds bewys en dit plaas 'n verdere demper op die plaaslike mielieprys. Dit is 'n groot risiko om te produseer sonder 'n graanbemarkingsplan. Binnekort gaan alle lede van International Food Producers Co-op baat vind deur al hul produksie op die internasionale beurse van die wêreld te laat verhandel deur Agenbag's All Trade CC/BK.

Die ander groot risiko hier is om te produseer sonder verskansing. Ons kundiges kan genader word om hulp te verleen om die geleentheid wat die mark bied, ten beste te benut.

Reënval bepaal opbrengs. Daar is 'n verband tussen rentmeesterskap en die bestuur van dit wat aan jou toevertrou is. Rentmeesterskap (bestuur) van alles wat aan jou toevertrou word deur Hom wat die Eienaar (Skepper) is, vereis om Hom ook te vra vir reën en ook jou boerdery en onderneming te bestuur volgens Woord-beginsels (Business by The Book)!

Daarom is Agenbag's All Trade CC/BK (International Food Producers Co-op) se leuse: 'In Deo Sapientiae Lux' (In God is die Lig van Wysheid). Ook word sake gedoen uitsluitlik volgens Woord-beginsels: Business by The Book (Larry Burkett / Crown Financial Ministries).

**HIGH FERT (PTY) LTD**

High Fert Perseel
Langs VKB Graansilo
Petrus Steyn, 9640
Tel: 058 247 0996
Cell: 083 560 9807

Posbus 257
Petrus Steyn, 9640
e-mail: bestuur@highfert.com
BTW nr: 4170263323

**Produksie Bestuurder – Highfert Kunsmis**

**High Fert Kunsmis is opsoek na n passievolle en gedrewe produksie bestuurder vir sy kunsmis aanleg in Petrus Steyn.**

**Verantwoordelikhede:**
- Organisering en beheer van die produksie proses in die fabriek
- Produkte volgens spesifikasie vervaardig
- Produkte vervaardig volgens tydlyne
- Gehalte beheer van die produkte
- Personeelbestuur op aanleg – permanente en tydelike werkers
- Logistiek rondom produk lewering
- Bestuur van die onderhoud van die aanleg

**Kwalifikasies verlang:**
- BSC Chemie kwalifikasie sal voordelig wees
- Vorige ondervinding in soortgelyke posisie sal voordelig wees
- Vermoë om met mense te werk
- Bereid wees om naweke en in seisoen lang ure te werk

**Vergoedingspakket:**
- Markverwante Basiese salaris afhangend van ervaring en kwalifikasies
- Produksie gekoppelde bonus struktuur
- Kommunikasie toelaag
- Woonplek – slegs verantwoordelik vir eie elektrisiteitsverbruik

**Aansoeke sluit die 14de April 2023 en kan aan bestuur@highfert.com ge-epos word.**


SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street, Heilbron | 060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services





# Drie jaar na Covid-19





*Op die foto bo vl: Jannelize Naudé, Anelda Pretorius, Amané Watson en Marni Matthee.*

Met die aankondig van Covid-19 pandemie op 26 Maart 2020 moes studente hoor hulle moet huis toe gaan. Eerstejaarstudente was toe slegs twee maande op kampus. Noordwes-Universiteit se herfs gradeplegtigheid was verlede week op Potchefstroom en vier Heilbronners het presies drie jaar later graad gevang. Jannelize Naudé, Anelda Pretorius en Amané Watson ontvang die graad Baccalaureus Commercii in Geoktrooieerde Rekenmeesterskap. Marni Matthee ontvang die graad Baccalaureus Commercii in Bestuurwetenskappe met Kommunikasiebestuur. Anelda, Amané en Marni behaal hulle onderskeie grade met onderskeiding.


STAAKBOERDERY VEILING

namens Willie de Beer • VRYDAG, 14 APRIL 2023 • 11h, plaas Riviera, Tweeling

IMPLEMENTE:
4 x 4-skaar MF balkploeë
2 x 4-skaar Raamploeë
5-skaar MF balkploeg
5-skaar Semi opland tripploeg
3 x 5-tand MF rippers
7-tand Hidrouliese ripper
3-tand Ripper
2 x 4-ry, 3vt Skoffels met spuite
4-ry en 8-ry Tussenryskoffels
JD tussenry topbemestingskoffel
4-ry Topbemestingtoestel
7vt Soilmaster skoffel
2 x Tillers met rollers
7vt MF skoffel met topbemesting
Fynsaadbeddingskoffel
13 tand Soilmaster tiller
11-tand GC Tillage beitelploeg
3-punt Laaigraaf
3-punt Kunsmisstrooier
24-skottel Swaardiens dis (north dis)
N210 John Deere tandemdis
2 x 3-punt Disse - 7vt Dis - One way
1000ℓ llgl spuit - Fert Flow aopstert
800ℓ Spuit met hidrouliese arms
MF 3-punt skraper
2 x 3-lid Duisendpoot
36-skottel 3-punt Dis
24-skottel 7vt 3-punt Dis
14-skottel 7vt 3-punt Dis
MF bossiekapper - LM 7vt opertdis
Soilmaster 7-tand, 7vt skoffel
LM 7vt stikstoftoestel
Agriwest 800ℓ 10m spuit
LM 16-skottel sleepdis

Vanaf Reitz/Frankfort: Draai in by Tweeling. Ry deur dorp verby graansilos ± 3km verby kerkhof, plaas regs.
GPS: S27°32'05.9" E28°28'49.6"



TOERUSTING:
3 x Dieseltenks op stands - Plasma cut 60
Kabels, afdak, kettings, pale
Nuwe en ou yster - ±50 Houz sleepers
Werkswinkeltafels - Verskeie "jacks"
200ℓ Kompressor - $CO_2$ parweld welder
Bande gereedskap - Gantry, groot en klein
Tafel met staanboor en klip grinder
1.5kVA Kragopwekker - Petrol kompressor
6kVA Kragopwekker, linz welder kombinasie
6kVA Silent diesel kragopwekker
Verskeie inverter welders, bore en grinders
Verskeie gereedskapstukke - Gasstel
Kabinette en rakke - 3-fase Sementmenger
Baie verlengingskoorde en 3-fase kabels
Hoeveelheid skroot en sinkplate
Sojasaad menger - Ou besproeiingspype
Petrol hoëdrukwasser - Saals
Beestoerusting (doseerpuit, brandoond, Immobiliseerder ens.)
Hoeveelheid riviersand - Kamptoerusting (tent, visstokke, kampstoele ens.)

VOERTUIE & WAENS:
2016 4x4 Ford Ranger Clubcab 2.2
2008 4x4 Isuzu 3L LX Clubcab
1997 4x4 Isuzu 2.8TDLE enkelkajuit
Dubbelas Platinum beeswa
Selfgeboude tapkar met slf
6-ton LM wa met massabakke
8-ton Wa met bakke
8-ton Wa met tenk en pomp
Waterwa met pomp (4500ℓ)
Ou tipperwa
2-wiel Mengwa met pomp (1000ℓ)
2-wiel Wa met hoëdruk vuurspuit
4-wiel Raptor 200cc motorfiets
JD D100 Ride on mower, 75 ure
JD E110 Ride on mower, 430 ure
Petrol stootgrassnyer
500ℓ Dieselkar



David Gerber - 082 489 7424

TREKKERS:
2002 110/90 New Holland DT
1996 100/90 New Holland DT
70/66 New Holland DT met Rovic graaf
70/66 New Holland DT
2951 John Deere 4x4
3141 John Deere 4x2
2004 New Holland TM155, 9500 ure

STROPERS:
Claas 76 stroper en Claas 66 stroper met 4-ry, 3vt mielie-, 17vt sojatafel
2 x Enkelry Slattery stropers

PLANTERS:
8-ry 76 John Deere planter
4-ry 91 John Deere planter
4-ry Soilmaster planter
2-ry LM mielieplanter
Baie John Deere planteronderdele
LM 7vt hawerplanter
John Deere 4-ry 7200 mielieplanter
Soilmaster 9-ry koringplanter

VOERMAAKTOERUSTING:
5-tol Hark (nuut) - Falcon 180
445 Claas baler
3-punt Hoogland baalvurk
Vork/skaap selfvoerders
llgl 2-tol, 1.9m snymasjien
Taurup 4-tol snymasjien
LM hamermeule PTO
1000+ 1.2m Bemeste oulandsgrasbale (nuwe en vorige seisoen)

BEESTE:
42 Koeie met Kalwers (moontlik 3-in-1)
31 Koeie (moontlik dragtig)
18 Verse
7 Ou koeie met 5 Kalwers
2 Melkkoeie
25 Koeie (moontlik dragtig, 2017-2018)
8 Dragtige verse (2020)
8 Oop verse (2021)

Voorwaardes: Vleissentraal se standaard veilingsvoorwaardes geld. Kontant. Kaart- en internetfasiliteite vir betalings op veiling beskikbaar. BTW is betaalbaar. FICA: Bewys van woonadres, BTW sertifikaat & ID (Verbruikersbeskermingswet - 68 van 2008). Afslaer & Verkoper behou die reg voor om items voor of tydens die veiling te onttrek of by te voeg.

TWEELING

VLEISSENTRAAL BETHLEHEM
058 303 5226
www.vleissentraal.co.za

HERALD Sport




# Gekkedag was vol verrassings

Heilbron Gholfklub se Gekkedag was vol verrassings. Daar was ou gholfstokke wat gebruik moes word op die bowwe en selfs op 'n setperk kon jy nie met jou setstok speel nie. Twee putjies het glad nie getel nie. Dit het alles bygedra tot 'n lekker kuier gees vir almal. Dit was ook besonders dat Pa en dogter die dag gewen het. Faansie Pretorius het onlangs weer 'n "comeback" gemaak tot die gholfbaan – te danke aan sy kinders. Hy en sy dogter Janie wen die dag met 'n telling van 44. Al die pryse was toegedraai, wat dit nogal interessant gemaak het. Elke speler kon 'n prys kies.

Daar was Vrydag sowat 40 besoekers wat saam met Peter Wales gespeel het. Peter bied jaarliks 'n Voëljag in die omgewing aan. As deel van diè naweek word daar een dag ook gholf gespeel. Die AP Kerk hou hulle jaarlikse fondsinsameling gholfdag op 22 April, met soos gewoonlik hope pryse op die spel. As jy vleis kort kom speel in die dag.

Wat gholf oor die Paasnaweek betref sal die klub gesluit wees Vrydag en Sondag, maar wel oop wees Saterdag en Maandag.


*Op die foto vl: Faansie en Janie Pretorius.*

# Rolbal Swaeltjies presteer

Nee, moenie bekommerd wees nie, rolbalspelers het nie leer vlieg nie, maar daar is rolbalspelers wat gewoonlik hierdie tyd van die jaar wegloop Tshipise toe vir warmer winterweer. Bang vir die Vrystaat se winters?? Ek sal nou nie kan sê nie.

Hierdie "weglopers" staan bekend as die Swaeltjies. Deur die jare het heelwat van Heilbron se spelers weggeloop Tshipise toe en dan is daar vir maande rolbal gespeel en om die kampvure gekuier.

Vir 3 jaar lank is JC en Dolly Pretorius ook daar. Nee, hulle speel nie op daardie stadium rolbal nie, hulle het allerhande verskonings gehad. Gedurende 2021 word hulle uiteindelik oorreed om te speel en toe byt een vreeslike rolbalgogga vir JC en Dolly.

Sedertdien speel en oefen hulle rolbal net waar 'n baan beskikbaar is en die resultaat is te sien in die uitslag van die afgelope naweek se veterane kompetisie by Kroonstad Rolbalklub.

JC eindig tweede in sy seksie terwyl Dolly in die derde plek eindig in die dames seksie. Uitstekende resultate vir twee spelers wat in rolbalterme nog beskou word as beginners.

Beide JC en Dolly is vandag spyt dat hulle nie jare gelede reeds rolbal as sport opgeneem het nie. Afgesien van die kompetisies verbonde aan die sport, word daar ook wonderlike vriendskappe gesluit.

Kom loer in by die rolbalklub Woensdae en Saterdae vanaf 14:00, drink ietsie koud en kuier saam. Dan natuurlik word daar ook Woensdagaande gespeel, spesifiek vir werkende persone.

Nee antie, moenie worry oor kos maak nie, daar is lekker wegneemetes teen baie billike pryse beskikbaar en soms braai ons sommer 'n vleisie, kom check ons uit.

Kontak vir Tanya Steenkamp 079 265 2238 om uit te vind wat is op die spyskaart en ook om etes te bespreek.


*Op die foto vl: JC en Dolly Pretorius*

# 8th Easter Social Tournament

The Papi Mbele Foundation has recently partnered with Pakworks Pty Ltd to host a social tournament in Phiritona Location at Black Swallows ground on the 8th of April. The tournament will commence at 10 am and continue until late. The occasion aims to promote social cohesion through sports, which is essential for any community.

The Papi Mbele Foundation was established in 2019 and has since been helping vulnerable families in the community by providing food parcels. The foundation also mentors kids on life in general. Papi Mbele, the founder, is a well-known former footballer who played for Mamelodi Sundowns and other professional teams before returning to his birthplace to give back.

The tournament promises to be an exciting event, with teams from all over the community coming together to compete. Without the support of Pakworks Pty Ltd, Bonus Hardware, and OK Shop, it would not be possible to make this event a success. Their involvement and contribution to the tournament are highly appreciated by the Papi Mbele Foundation.

The games will feature a curtain-raiser between the Black Swallows legends and the Mazayoni legends before the final match. This event provides an excellent opportunity for people in the community to come together and enjoy the game of football, which has the power to bring people together.

In conclusion, the Papi Mbele Foundation, in partnership with Pakworks Pty Ltd, is proud to host the 8th Easter social tournament in Phiritona Location at Black Swallows ground. This tournament provides an opportunity for people to come together and promote social cohesion through sports. The Papi Mbele Foundation is grateful for the support of Pakworks Pty Ltd, Bonus Hardware, and OK Shop, without whom this event would not be possible.




BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 11 APRIL 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

SONOP BV
AANLYN SPEENKALFVEILING
Meer as 1000 kalwers
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

BRONKHORSTPRUIT AANTEELVEILING
Kontak Henk Moller 082 086 0242

**WOENSDAG - 12 APRIL 2023**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DONDERDAG - 13 APRIL 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 14 APRIL 2023**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071

